MENLO DRAMA-AKADEMIE (Blouteater)

REGISTRASIE 2016

- Hierdie vorm moet volledig ingevul word en die inligting moet korrek wees.
- Hierdie vorm dien as kontrak en ooreenkoms tussen ouers/voog van die leerder en Menlo Drama-Akademie.
- Die vorm moet so gou moontlik saam met R250,00 registrasiefooi ingehandig word.
- Geen vorm sal sonder die registrasiefooi aanvaar word nie.
- Geen klasse kan bygewoon word sonder dat die nodige dokumentasie ingehandig is nie.

BESONDERHEDE VAN LEERDER

Van: …….. Noemnaam: ……

Graad: …… Geboortedatum: ……..... Selfoonnommer: ……

E-posadres: ……..

BESONDERHEDE VAN OUERS/VOOG - Vader

Van: …….. Noemnaam: ……

Posadres: ……...

Telefoon: …….. Selfoonnommer: ……..

E-posadres: ……

BESONDERHEDE VAN OUERS/VOOG - Moeder

Van: …….. Noemnaam: ……

Posadres: ……...

Telefoon: …….. Selfoonnommer: ……..

E-posadres: ……

MEDIESEFONDS VAN LEERDER

Naam van fonds: …… Hooflid: ……...

Nommer: …….. Tipe plan: ……

Allergieë, beserings of enige ander mediese agtergrond waarvan die drama-onderwyseres moet kennis neem?……

HANDTEKENING VAN OUER: ……

MENLO DRAMA-AKADEMIE (Blouteater)

OOREENKOMS 2016

Ek, …….. ID-nommer …….
(Naam van leerder)

onderneem hiermee

- dat ek bewus is van wat die ooreenkoms behels en beteken;
- om klasse aktief by te woon en om my onderwyser(s) vroegtydig in kennis te stel indien ek afwesig sal wees;
- om nie afwesighede ligtelik op te neem nie.

Handtekening van leerder: ……

Datum: ……..

Ek, …… ouer/voog van ……
(Naam van ouer/voog)

ID-nommer …….

onderneem hiermee

- dat ek bewus is van wat die ooreenkoms behels en beteken;
- dat my kind die ooreenkoms verstaan en weet wat dit behels en beteken;
- dat ek die maandelikse, kwartaallikse of jaarlikse fooie betyds sal inbetaal;
- dat ek vroegtydig ‘n reëling sal tref indien die nodige fooie eers later inbetaal kan word;
- dat ek vroegtydig sal laat weet indien my kind vir ‘n les afwesig gaan wees.

Handtekening van ouer/voog: ……..

Datum: ……..

Handtekening van onderwyser: ……

Dui asseblief ander buitemuurse aktiwiteite en tye aan, sodat leerders in groepe ingedeel kan word:

……

……

……

Let wel: *Graad 8’s val op Maandae in. Daar is twee sessies* ***14:30–16:00/16:00–17:30****. Die later sessie word gebruik om atlete te akkommodeer. Dui asseblief aan watter sessie die leerder beter sal pas.Graad 9, 10, 11 en 12’s sal ingedeel word volgens individuele aanduiding op die vorm.*

MENLO DRAMA-AKADEMIE (Blouteater)

ALGEMENE INLIGTING 2016

DIE ONDERWYSERS

Mia-Anne O'Kennedy (Menlo-Drama: Akademiehoof)

Ontvang haar BA (Drama) graad aan die Universiteit van Pretoria en is tans hoof van die Menlo Drama-Akademie. Mia-Anne is beter bekend vir haar rolle in "Villa Rosa", "Somer Son", "Suiderkruis" en "Rowwe Diamante".

Eddie de Jager

Verwerf sy BA Hons (Drama) graad aan die Universiteit van Pretoria. Eddie is beter bekend vir sy rol as Braam in die bekende Afrikaanse film, "Roepman" en as Juan in die film, "Suiderkruis". Hy was ook vir drie jaar aan die stuur van sake by die Brooklynteater en is tans aangestel as mede-instrukteur by die Menlo Drama-Akademie.

Roché van Blerk

Ontvang haar BA (Drama) graad aan die Universiteit van Pretoria en is tans die spesialis vak-onderwyseres vir graad 9-12 in Drama. Sy was al te sien as 'n gasspeler in "7de Laan" en onlangs in "Suiderkruis", maar haar passie bly heeltydse drama-onderrig.

Ander

Ander professionele persone word van tyd tot tyd genader om klasse aan te bied. Sorg word gedra dat hierdie persone oor die nodige kwalifikasies en ervaring beskik om klasse aan te bied.

KLASTYE

- Leerders sal op 'n weeklikse basis klasse bywoon.
- Die lengte van hierdie klasse wissel tussen een en drie ure. Geen leerder sal minder as een uur per week onderrig ontvang nie. Indien 'n repetisierooster bepaal dat 'n leerder by uitsondering een week dalk glad nie klas bywoon nie, sal daardie leerder wel in daaropvolgende weke die klas inhaal. Voor 'n groot produksie open, sal leerders moontlik meer as een klas per week bywoon, maar sal vooraf in kennis gestel word, sodat reëlings getref kan word.
- Klastye sal bepaal word rondom tye wat vir die meerderheid leerders geleë is.
- Klasse begin 'n week en 'n half nadat die skole in die nuwe jaar begin het. Leerders sal vooraf van klastye in kennis gestel word.
- Geen dramaklasse sal in die eksamentyd aangebied word nie, behalwe as akteurs dringend moet voorberei vir toneelkompetisies of optredes.
- Indien 'n leerder om watter rede ookal, nie 'n klas kan bywoon nie, kan klasgelde nie terugbetaal word nie en die klas kan nie ingehaal word nie.

BYWONING VAN KLASSE

- Leerders moet alle klasse bywoon.
- Indien 'n leerder afwesig is as gevolg van siekte, is dit die leerder en ouers se verantwoordelikheid om die onderwyser vooraf in kennis te stel.

- Sou die onderwyser(s) weens siekte nie 'n klas kan bywoon nie, onderneem sy/hy om leerders betyds in kennis te stel en so gou moontlik die klas in te haal op 'n tyd wat vir almal gerieflik is.

- Die onderwyser(s) kan leerders wat nie klasse en ekstra repetisies bywoon nie van die voorreg ontneem om rolle te vertolk.

PROFESSIONELE BESOEKERS EN WERKSWINKELS

- Leerders sal waar moontlik die geleentheid geniet om met professionele persone in onderskeie beroepe te gesels.
- Daar kan deur die loop van die jaar ander professionele werkswinkels aangebied word. Hierdie werkswinkels is nie deel van die basiese drama-onderrig by die Blouteater nie, maar word addisioneel aangebied teen 'n ekstra fooi. Enige belangstellendes kan hierdie werkswinkels bywoon en dit is nie verpligtend nie.

VERGOEDING EN REGISTRASIE

- Kostes verbonde aan dramaklasse beloop R3 300,00 per leerder per jaar. Hierdie fooi sluit 'n minimum van een groepsklas per leerder per week in. Hierdie klas is tussen een en drie ure lank.

  Betalingsopsies:

  - ✓ Jaarliks vooruit – 'n eenmalige betaling van **R3 000,00 (afslag van R300,00)** voor einde Januarie;
  - ✓ Maandeliks oor 10 maande teen R330,00 per maand (moet aan die begin van elke maand voor einde Oktober vereffen word);
  - ✓ Kwartaalliks oor die eerste 3 kwartale teen R1 100,00 per kwartaal (moet in die eerste week van elke kwartaal voor einde Oktober vereffen word).

- Die registrasiefooi van R250,00 is addisioneel, bo en behalwe die klasfooie van R3 300,00.
- Soms sal leerders, soos vooraf in kennis gestel, tydens een week twee klasse bywoon en moontlik dan die daaropvolgende week geen klas bywoon nie. Dit sal afhang van die tonele van die produksie waaraan gerepeteer word.
- Indien ouers die drama-onderwyser(s) vooraf in kennis stel, kan 'n spesiale reëling getref word.
- 10% rente per maand sal gehef word op laat betalings, sonder 'n reëling.
- Betalings moet asseblief elektronies geskied.

- **Neem kennis dat die rekeningbesonderhede verander het en nou deur die skool se rekening geskied. Hiermee die nuwe bankbesonderhede vir elektroniese inbetalings:**

Rekeninghouer:	Die Hoërskool Menlopark
Bank en rekening:	NEDBANK, Besigheidsrekening Pretoria
Rekeningnommer:	1497124069
Takkode:	149745
Verwysing:	BT + VOORLETTERS + VAN + GRAAD **Voorbeeld: BT**MBotha8 (Belangrik om "BT" te noem – dit dien as aanduiding vir die finansiële kantoor dat dit 'n "Blouteater" inbetaling is).
Bewys van betaling:	Stuur asseblief bewys na miaannef@gmail.com

- Geen ekstra fooie sal gehef word vir ekstra klasse wat voor ‘n produksie deur die leerder bygewoon word nie.

BEËINDIGING VAN KLASSE

- Enige leerder wat klasse gaan staak, moet die onderwyser(s) ‘n kalendermaand (30 dae) voordat lesse gestaak word, daarvan in kennis stel. Ouers is verantwoordelik daarvoor om die volle fooi van R1 100,00 vir die kennis-kwartaal te betaal, ongeag of klasse bygewoon word of nie.
- Indien leerders om watter rede ookal in die middel van die kwartaal nie meer die klasse kan bywoon nie, is daar geen verhaalreg op klasgelde nie.
- Leerders wat nie minstens 30 dae voor die opening van ‘n produksie kennis gee om te onttrek nie, se ouers sal verantwoordelik gehou word vir enige onkostes, ekstra klasse, ekstra bemarking en enige ander las wat ontstaan as gevolg van so ‘n leerder se onttrekking.

KONTAKBESONDERHEDE

Mia-Anne O’Kennedy
Menlo Drama: Akademiehoof
Selfoonnommer: 079 520 3968
E-posadres: miaannef@gmail.com